

DIE STUDIE VAN AFRIKAANS

Taal is iets wat in die gees van ons almal lewe en die hele dag deur, sodra ons iets mee te deel het aan ons medemense, maak ons gebruik daarvan as die vernaamste van ons uitingsmiddele. Geen wonder dat iedereen geïnteresseerd is in taal, maar dat dit vir iedereen ook sy moeilikhede en probleme oplewer nie. By hierdie, die eerste van 'n reeks praatjies oor ons taal, wil ek dan, by wyse van inleiding, met u nagaan hoe ons taal bestudeer is, bestudeer word en bestudeer moet word.

As ons, om mee te begin, dink aan die onderrig van ons taal op skool, dan kan ons konstateer dat daar binne 'n menseleef tyd 'n hele rewolusie plaasgevind het op hierdie gebied. Die leerlinge kan ons in hierdie verband in twee groepe verdeel: ten eerste, Afrikaanssprekendes, en ten tweede, andere (hoofsaaklik Engelse) wat dit as 'n vreemde taal moet leer. Dit is algemeen bekend dat vir die laaste groep die studie van „Dutch” 'n twintig jaar en minder gelede beteken het die aanleer van 'n groot aantal grammatiese reëls en uitsonderinge, wat dan later angsvallig en met veel geestelike inspanning moes toegepas word, en verder die bestee van 'n oneindige aantal geesdodende halfuurtjies aan vertaling vanuit en in Engels. Vir die tweede groep, die Afrikaanssprekendes, het dit ook net soveel verveling en ergernis verskaf, want „Dutch” is met hulle op skool ook as 'n volkome vreemde taal behandel. Ook hulle moes dus reëls vir die gebruik van *de* en *het* aanleer, die Byvoeglike Naamwoorde leer verbuig en die Werk-

woord leer vervoeg. Ook hulle moes hulle moedertaal deur medium van Engels leer en wel deur middel van vertaling in en uit Engels. Ook hulle moes hulle skoolure deurbring met die maak van oefeninge waarvan die vernaamste kenmerk was die groot aantal blou strepe wat daar uiteindelik op tereg gekom het.

In hierdie toestand het daar nou binne ons eie ervaring 'n dubbele verandering plaasgevind. In die eerste plek is die studie van die onderwerp self verander deurdat Nederlands vervang is deur Afrikaans en van leerlinge dus nie meer verlang word dat hulle 'n taal skriftelik sal gebruik wat hulle nooit in sy korrekte vorm hoor praat nie. Maar in die tweede plek is die metode van onderrig ook radikaal verander. Teenswoordig hoef die Afrikaanse kind nie meer te begin met reëls te leer nie, omdat hy die reëls vanself op 'n natuurlike manier toepas, en die Engelse kind hoef dit ook nie te doen nie, omdat dit pedagogies verkeerd is.

Die moderne pedagogie het ingesien dat 'n mens nie 'n taal leer gebruik deur grammatiese reëls te leer en vertalinge te maak nie. Om maar een ding te noem, is dit 'n baie onekonomiese gebruik van die beskikbare tyd. Vergelyk maar die geringe geleentheid wat elke kind in 'n klas van, sê dertig, leerlinge kry om die taal self te hoor en te gebruik, as 'n halfuur bestee word om 'n stukkie vertaling te doen en al die konwersasie boonop in die vreemde taal gevoer word, met die hoeveelheid taal oefening wat verkry kan word as dwarsdeur daardie halfuur niks anders as Afrikaans gepraat word nie en die hele atmosfeer Afrikaans is. In die eerste geval word hoogstens 'n paar honderd Afrikaanse woorde gehoor; in die ander is daar duisende woorde wat heen en weer vlieg voor die gees van die leerlinge en telkens herhaal word. Terwyl die laaste metode vanself dus vloeiendheid bring, is die verkry van taalvaardigheid by die eerste totaal uitgeslote.

Wat die Engelse kind betref is die metode van vertaal en reëls leer dus vervang deur die sg. *direkte metode*. Die kerngedagte van hierdie metode is dat die kind die vreemde taal moet leer op dieselfde manier as die moedertaal, nl. deur *spontane gebruik*, deur dit eenvoudig te hoor en na te sê. Vertaling as leermiddel is verban; die gebruik van Engelse woorde is in die klas van die goeie onderwyser nie geoorloof nie, of word slegs 'n enkele keer as hoogs seldsame konsessie toegestaan. Daarenteen word alle moontlike middele aangewend om die leerling Afrikaans te laat praat: deur hom handeling te laat verrig en te laat sê wat hy doen; deur hom te laat lees en vertel wat hy gelees het; deur hom prentjies en gebeurtenisse te laat beskrywe, ens. Die taak van die onderwyser is daarby om hom die konwersasiestof te verskaf en dit so te rangskik dat hy geleidelik van makliker dinge oorgaan na moeiliker toe. Ook moet die onderwyser help om dit vir die kind moontlik te maak om die tweede taal in 'n baie korter tyd aan te leer as hy vir sy moedertaal gehad het. Daarvoor sal hy die stof so rangskik dat wat grammaties bymekaarhoort bymekaar gegroepeer word, en dat veel oefening gegee word in uitdrukkingsvorme wat moeilikheid oplewer. Om kort te gaan, hy lê hom daarop toe om die kind onbewus regte spreekgewoontes te laat vorm. Grammatiese reëls dien nie as uitgangspunt nie, en as hulle in die geheel bespreek word, is dit alleen as samevatting van wat reeds deur die gebruik bekend geraak het. En so kan die Engelse kind na enige vordering in die aanleer van elementêre taalgebruik, geleidelik daartoe oorgaan om groter vaardigheid in sy beheer oor Afrikaans te verkry.

As ons nou die Afrikaanse kind neem, dan is dit duidelik dat die onderwyser aanvanklik voor 'n ander probleem te staan kom as by die Engelse kind. Die

eerste beginsels van die taal hoef hy hom nie te leer nie, want daarmee kom die kind reeds skooltoe en niks is so vervelig as om dinge te moet leer wat jy reeds ken nie. Die onderwyser se taak is dus van die aanvang af om te sêre dat die kind se beheer oor die taal nie agter raak by sy algemene geestelike ontwikkeling nie; en verder dat hy daar nuwe doelwitte mee kan bereik, soos om sy gedagtes suiwer, helder en presies uit te druk en dinge op so 'n manier te sê dat dit andere genot sal verskaf om na hom te luister of te lees wat hy geskrywe het. Maar ook hiervoor is die maak van vertalings nagenoeg waardeloos, tensy dit ons spesiale doel is om vertalers op te lei. En die leer van grammatiese reëls is oorbodig, omdat die leerlinge van kleins af die taal kan praat sonder reëls. Die probleem van die onderwyser is dus nou om die doeltreffendste middels te vind om by sy leerlinge daardie groter taalvaardigheid en taalbeheer wat verlang word, teweeg te bring, 'n probleem wat baie moeiliker is om bevredigend op te los as om die beste middels te vind om 'n elementêre kennis te verskaf aan die kind wat 'n ander moedertaal spreek. Op 'n meer gevorderde stadium word die probleem egter dieselfde vir albei groepe. In hierdie opsig het ons dan ook tot nog toe baie minder vordering gemaak as by die aanvangs-onderwys in die tweede taal. Nog al te dikwels is die onderwys van Afrikaans aan Afrikaanse kinders droog, formeel, geesdodend en misleidend. Om die nodige veranderinge daarin aan te bring is dit nodig dat onderwysers, en deur hulle ook die leerlinge, 'n beter insig kry in die wese en lewe van taal. Nou het ons wel so ver gevorder dat vry algemeen besef word, dat die ou skoolgrammatika met al sy definisies en reëls nie deug nie, maar tot nog toe is daar minder helderheid oor wat dan in die plek daarvan gestel moet word.

Hierdie probleem kan ons alleen oplos deur helder te besef dat taal nie iets is wat 'n eie selfstandige bestaan voer nie, maar dat dit alleen in die gees en die mond van die mens kan lewe. Los van die mens is daar geen taal nie. Soos Van Humboldt dit reeds in 1840 uitgedruk het, is taal nie 'n produk, dus 'n voorwerp nie, maar 'n werksaamheid van die menslike gees. As ons dit goed begryp, dan sal ons ook besef dat ons taalstudie nie uitsluitlik afhanklik mag wees van grammatikas en woordeboeke nie, wat ook maar mensewerk is en dus vol foute en altyd onvolledig, maar dat ons terug moet gaan na die gees en die spraakorgane van die mens waar die taal sy natuurlike lewe voer en vanwaar dit met frisse lewenskrag uitborrel in die wêreld. As ons dit doen, dan kan ons die taalstudie van drie kante benader.

In die eerste plek is daar die fisiologiese kant. As ons die taal uit hierdie oogpunt bestudeer, dan gaan ons na hoe die spraakorgane gebruik word as ons praat en hoe die klanke opgevang word deur die ore van die hoorder.

In die tweede plek kan die taalstudie van die psigologiese kant benader word. Dis immers deur middel van die gees dat die spreker sekere klanke verbind tot sinne waarmee hy uiting gee aan sekere gedagtes en gevoelens, en deur middel van die gees dat die hoorder die bedoeling van die spreker begryp. As ons die taal van hierdie kant bestudeer, dan gaan ons dus na hoe dit kom dat ons die woorde tot sinne verbind, watter verhoudinge daar bestaan tussen ons gedagtes wat logies hoort te wees en die grammatikale vorme wat gewoonlik hopeloos onlogies is, watter rol die gevoel naas die gedagte in die taal soos in die lewe speel, ens.

In die derde plek is daar die sosiale kant van die taalstudie, soos ons sal besef as ons bedink dat die taal ons vernaamste middel is om mededeling te doen aan ons medemense. Eenvormig is hierdie middel egter nie, maar ryk geskakeerd. Ons verander ons manier van praat gedurig na gelang van die persone tot wie ons ons rig. Ons praat anders met die klein kleutertjie wat om moeder se rok ronddans as met moeder self, en weer anders met die ou grootjie in haar gemakstoel; anders met die kantoorklerk as met die boer. As ons outa Jonas vir die eerste keer ontmoet, dan neem ons taal dadelik ander wendinge aan as wanneer ons voor die Eerste Minister te staan kom. As die Nataller in die Boland kom, of omgekeerd, die Bolander in Natal, dan verraai sy spraak hom as 'n vreemdeling. Ons leer om anders te praat in 'n vergadering as wanneer ons gesellig onder mekaar is in die huislike kring, en om anders te skrywe in 'n opstel as wat ons praat in die gewone konwersasie. Al hierdie menigvuldige skakeringe leer ons nie uit die grammatika ken nie, maar deur terug te gaan na die lewende spraak. Dit noem ons die sosiale kant van die taalstudie, wat ons dus in aanraking bring met die verskillende streke wat tot ons taalgebied hoort sowel as met die verhouding tussen die gesproke en die geskrewe taal, ens.

Daar is dus geen gebrek aan materiaal, aan nuttige en nodige materiaal, om die nuttelose en skadelike studie van die gangbare formele grammatika mee te vervang nie. Hierdie materiaal rys vanself in groot hoeveelhede voor ons op as ons die taalstudie van die drie genoemde gesigspunte benader, en hou ons dan steeds in kontak met die lewende taal. Oor die algemeen is dit egter nog te weinig bekend, en ons sal dus in volgende praatjies telkens weer daarop moet terugkom.

LITERATUUR

Onder ouer verhandelinge oor die direkte metode is O. JESPERSEN: *How to teach a Foreign Language*, translated from the Danish original by S. Y. Bertelsen (Allen & Unwin, London) 'n uitstaande werk. Onder jonger werke kan o.a. genoem word: PURIN: *Training of Teachers of the Modern Foreign Languages* (Macmillan, New York).

Oefeninge vir Afrikaans is o.a. uitgewerk in die reeks skoolboekies: *Jong Suid-Afrika — Sistematiese Afrikaans I-VI* deur C. J. ALERS en J. J. LE ROUX (v. Schaik, Pretoria).

Oor die doseer van Grammatika is daar 'n interessante artikel deur J. VAN GINNEKEN: *De Spraakkunst en het Buitenland in Zielkundige Verwickelingen*, IV (Dekker, v. d. Vegt en v. Leeuwen, Utrecht-Nijmegen) en in *Nieuwe Taalgids VI*.

Uitstaande pogings tot opbou van 'n nuwe Grammatika is: A. NOREEN: *Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache*, Duitse bewerking deur H. W. Pollak (Niemeyer, Halle); F. BRUNOT: *La pensée et la langue* (Masson, Paris); O. JESPERSEN: *The Philosophy of Grammar* (Allen & Unwin, London); en O. JESPERSEN: *Essentials of English Grammar* (Allen & Unwin, London); G. S. OVERDIEP: *Stilistiese Grammatica* (Tjeenk Willink, Zwolle).

Belangrike werke oor taalpsigologie is: W. WUNDT: *Die Sprache*, 2 dle. (Engelmann, Leipzig); H. PAUL: *Prinzipien der Sprachgeschichte* (Niemeyer, Halle); J. VAN GINNEKEN: *Grondbeginselen der Psychologische Taalwetenschap* (van In, Lier).

Oor die sosiale kant van die taalstudie is J. VAN GINNEKEN: *Handboek der Nederlandsche Taal*, 2 dle. (Malmberg, Nijmegen) 'n standaardwerk. 'n Verkorte bewerking vir skooldoeleindes van 'n deel daarvan is: J. VAN GINNEKEN en J. ENDEPOL: *De Regenboogkleuren van Nederlands Taal* (Malmberg, Nijmegen).

IS AFRIKAANS 'N TAAL?

(’N GESPREK TUSSEN OOM FREDERIK
EN PROFESSOR X)

OOM FREDERIK: Professor, en jy leer die jongspan Afrikaans?

PROFESSOR: Ja, Oom.

O.: Ek wens jy wil vir my een ding vertel.

P.: En wat is dit dan, Oom?

O.: Hoekom sukkel julle teenswoordig so baie met Afrikaans? In my jong dae het ons die skone Hollands geleer. Maar Afrikaans is mos nie ’n taal nie; dis somaar ’n verbastering.

P.: Stadig, Oom. Is Afrikaans nie ’n taal nie?

O.: Nouja, teenswoordig wil julle mos kastig uitmaak dat dit ook ’n taal is, maar my oorlee vader het altyd gesê dat dit maar deur gebrekkige opvoeding, deur te min skool is, dat ons so plat praat.

P.: Oom, kan jy vir my sê wat ’n taal is?

O.: A nee a. Jy is mos die professor; jy moet vir my sê.

P.: Oom, maar om die waarheid te sê, weet ek dit ook nie al te goed nie. Kyk, die geleerdes het al geprobeer om uit te maak hoeveel tale daar in die wêreld is. Party het dit op so ongeveer 900 geskat, en andere op nie minder as 2000 nie. Dis nogal ’n groot verskil, en dit kom deurdat hulle nie bra kan sê waar een taal begin en die ander ophou nie.

O.: Mintag, dis ’n waar woord: „Die geleerdheid lei tot raserny.” Dus, julle kan nie eers vir ’n mens sê wat ’n taal is nie?

P.: Wag 'n bietjie, Oom. Ek sal darem probeer om die ding vir jou duidelik te maak, maar dan moet ons met verdrag werk en die saak 'n bietjie omslagtig aanpak.

O.: Nou toemaar, ek het tyd.

P.: Oom ken mos 'n hele paar Kaffertale, nè?

O.: Ja.

P.: Soos die Transvaalse Sesoeto en die Sesoeto van Basoetoland?

O.: Ja.

P.: Is dit nou twee tale of een?

O.: My mastig, jy vra alweer vir my. Ek het mos vir jou gesê jy is die professor. Sê jou sê.

P.: Nou ja, toe dan maar. Kyk, daardie twee lyk so baie na mekaar dat dit vir ons moeilik is om te sê of dit dieselfde taal is of twee verskillende. En dieselfde moeilikheid het ons in honderde ander gevalle, ook met witmenstale. Daarom verskil die getalle so ver. Maar hoekom lyk hulle so veel na mekaar? Omdat hulle oorspronklik dieselfde taal was.

O.: Dieselfde?

P.: Ja, maar toe het die twee groepe sprekers van mekaar verwyder geraak, en so het daar meer en meer verskille posgevat en bestendig geraak, sodat ons vandag van twee Sesoetotale kan praat. En dieselfde soort ding het met ons taal ook gebeur.

O.: Hoeso dan?

P.: Kyk, Oom reken Afrikaans is maar plat Hollands, maar ek sê Hollands en Afrikaans stam van dieselfde moeder af, en hulle het twee aparte tale geword deurdat die twee volke van mekaar geskeie geraak het.

O.: En wie was die moeder dan?

P.: Dit was 'n vorm van Hollands wat in die 17de eeu gepraat is maar nie dieselfde was as die Hollands van vandag nie.

O.: Dus, jy wil sê Hollands het ook verander?

P.: Juistement. En as jy wil sê Afrikaans is 'n verbastering, dan kan jy net sowel sê die skone Hollands wat jy op skool geleer het is 'n verbastering van ou-Hollands. En so kan ons maar aangaan, want alle tale verander gedurig. Dan is Engels ook 'n verbastering van ou-Engels, en Duits van ou-Duits, en dan is ou-Hollands weer 'n verbastering van 'n nog ouer taalvorm, en is dit dieselfde met ou-Engels, ou-Duits, ens.

O.: En waar kry ons dan die end?

P.: Ja, dit is juis die moeilikheid. Ons het geskryfte van sowat 2000 jaar voor Christus wat in 'n taal geskrywe is wat verwant is aan ons s'n, maar ouer vorme is nie bewaar gebly nie. Daardie taal is in Indië gespreek, en ons noem dit Sanskrit.

O.: Kom bog! Jy wil my tog nie vertel dat Afrikaans van 'n Indiese taal afstam nie!

P.: Nee, dit nie, Oom, maar daardie Indiese taal stam weer van 'n ouer taal af, waarvan Afrikaans in laaste instansie ook afstam. Dit het met daardie ou taal gegaan net soos met die Kaffertale wat Oom ken, en met Hollands. Dit het dogters gehad en dié het ook weer dogters gehad.

O.: En wie was dan die dogters?

P.: Ons kan maar die vraag daarlaat in hoever hulle eie dogters was en in hoever stief, en of party miskien kleindogters was, maar die oudste afstammeling van daardie ou taal wat ons ken was behalwe Aries, waartoe Sanskrit behoort, nog Armeens, Albanees, Balto-Slawies, Grieks, Latyn, Kelties en Germaans, en 'n paar tale wat hulle nou in later jare onder die sand opgegrawe het in Asië.

O.: Dit gaan darem bo my vuurmaakplek.

P.: Dit maak nie saak nie, Oom. Ek wil maar sê Afrikaans stam af van Germaans, 'n dogtertaal van daardie ou taal, maar Germaans het ook weer dogters

gehad. Dit kom deurdat 'ou spraakgewoontes gedurig afsterwe en nuwes in die plek daarvan kom. Toe die mense wat daardie taal gepraat het, begin wegtrek het van mekaar af, het daar ander gewoontes onder die verskillende groepe ontstaan en deurdat die groepe nie in kontak met mekaar was nie, het die verskille groter en groter geword. In die eerste tyd kan ons egter nie van aparte tale praat nie; dit was eers maar verskillende dialekte.

O.: En wat is dan 'n dialek?

P.: Ja, dit is ook nie so 'n maklike vraag om te beantwoord nie. Kyk, soos ek gesê het, ontstaan daar eers kleiner spraakverskille tussen die groepe. In die begin merk 'n mens dit byna nie op nie, dit is maar groepsverskille in dieselfde taal. Maar as 'n groep mense wat in dieselfde omgewing woon hulle gaan onderskei deur 'n aantal uitgesproke taaleienaardighede, dan sê ons hulle praat 'n dialek. Die ou-Germane wat eers by die Oossee gewoon het, het later begin wegtrek van mekaar af, party na die ooste, ander na die noorde, ander na die weste. En so het hulle mettertyd drie groepe van dialekte begin praat. Maar daarna het hulle nog verder van mekaar af verwyder geraak en die verskille het nog groter geword, en toe het party van die dialekte tot aparte tale geword.

O.: Dus, jy wil sê tale verskil meer van mekaar as dialekte?

P.: Ja, dit is een kant van die saak. Daarom sê ons Afrikaans is 'n aparte taal, omdat dit so ver van Nederlands verskil dat ons dit nie meer 'n dialek kan noem nie. Maar dit is onmoontlik om te sê hoe groot die verskil moet wees om van 'n aparte taal te praat. Daarom is dit bv. so moeilik om te sê hoeveel Bantoetale daar is. Party wil alleen van aparte tale praat as die een groep die ander nie kan verstaan nie, maar sprekers van verskillende dialekte van dieselfde taal kan mekaar

partykeer ook nie verstaan nie, en partykeer kan twee groepe mense mekaar wel verstaan — soos die Portugese en die Spanjaarde — en tog praat ons van aparte tale. Daar is allerlei ander faktore wat ook in aanmerking moet geneem word, soos kultuurtoestande, saamhorigheidsgevoel, ens.

O.: Nou verstaan ek jou nie meer nie.

P.: Wel, ek dink dit sal duidelik word as ek nog iets meer van die geskiedenis van die ou-Germans vertel. Ons neem nou maar die westelike groep. Hulle het later ook verskillende dialekte gepraat, soos Frankies, Fries, Saksies, Alemannies, Beiers, ens. Maar nadat hulle baie rondgetrek het, en baie geveg het onder mekaar en ook met andere, het hulle uiteindelik 'n min of meer vaste tuiste gekry. Daar het groepe van hulle gewoon, o.a. in die teenswoordige Duitsland, in die teenswoordige Nederland en in die teenswoordige Engeland. Om maar eers die Nederlanders te neem, geleidelik het hulle hulle gaan voel as 'n kulturele eenheid, en hoewel hulle verskillende dialekte gepraat het, het hulle toe ook geleidelik min of meer dieselfde taalvorm gaan besig vir offisiële doeleindes en vir skriftelike gebruik. Hierdie taalvorm was die omgangstaal van die toonaangewende mense in die vernaamste provinsie, Holland. En so het daar ook in Engeland en in Duitsland, naas die dialekte, 'n kultuurtaal ontstaan wat erken word as dié taal van die land. Wanneer daar sprake is van tale, sê ons dus dat ieder van hierdie lande 'n eie taal het omdat hierdie kultuurtaal sterk verskil van ander tale en die erkende uitingsmiddel vir kulturele doeleindes is van 'n saamhorige kultuurgroep, en dat dit nie 'n dialek is nie omdat dit meer algemeen gangbaar is as die dialekte en dus die mees gebruiklike offisiële en kulturele uitingsmedium is van die land as geheel.

O.: En wat nou van Afrikaans?

P.: Taalkundig het Afrikaans 'n taal geword toe dit vanaf die sewentiende eeu so sterk van Nederlands gaan verskil het, dat ons dit nie meer 'n dialek kan noem nie. Hierdie groot verskille het al baie gou in die geskiedenis van ons volk ingetree. Ons het bewyse daarvoor dat die vernaamste al voor die middel van die agtiende eeu moet plaasgevind het. Dus is Afrikaans as taal al 'n paar eeue oud. Maar dit was tot by die begin van die twintigste eeu nog maar 'n aparte taal soos ons van aparte Bantoetale praat, of soos 'n sterk afwykende dialek in 'n beskaafde land. Dit was nog nie 'n kultuurdraer nie, want ons het nog vasgekleef aan Nederlands. 'n Kultuurtaal het dit eers geword as gevolg van die strewe van die Genootskap van Regte Afrikaners en van die Tweede Taalbeweging aan die begin van hierdie eeu.

O.: Professor, julle praat so maklik van kultuur. Wat bedoel jy nou eintlik met 'n kultuurtaal?

P.: Oom, ek bedoel dit: Afrikaans is vandag 'n kultuurtaal, omdat ons Afrikaans gebruik, nie alleen in ons briewe aan mekaar nie, maar ook in ons koerante, as ons gedigte maak, as ons verhale skrywe, as ons wette opstel, of wetenskaplike werke oor wis- en natuurkunde, oor skeikunde, oor plant- en dierkunde, oor wysbegeerte, ekonomie, staatsleer, kuns, ens. Dis 'n kultuurtaal, omdat die beste families dit onder mekaar praat in die sitkamer, omdat ons dit gebruik op vergaderings, in ons publieke kantore, in kerk en skool en universiteit. Dis 'n kultuurtaal, omdat ons Bybel daarin geskrywe is, omdat dit ons diepste ontroeringe vertolk, omdat die buiteland dit erken as een van die offisiële tale van ons land.

O.: Die buiteland ook?

P.: Ja, Oom weet tog seker dat daar universiteite is in Engeland en Nederland en Duitsland waar Afrikaans gedoseer word, en dat Afrikaanse boeke in verskillende

lande van Europa geles en in verskillende tale van Europa vertaal word.

O.: Professor, dis alles goed en wel. Maar wat word daar dan nou van ons skone Nederlandse erfenis?

P.: Nee, Oom, dis reg met Nederlands. Al is Afrikaans 'n aparte taal en 'n aparte kultuurtaal, sal ons darem nie ons Nederlandse erfenis vergeet nie. Nederlands is nie alleen die taal waarvan ons s'n afgestam het nie, maar dit bly die taal wat die naaste aan ons s'n verwant is. Die ou Grieke het drie vorme van kultuurtaal gehad, die teenswoordige Noorweërs en Armeniers het twee vorme. Laat Nederlands en Afrikaans maar twee aparte tale wees; hulle is so na aan mekaar verwant dat ons darem geskrewe Nederlands kan verstaan en die Nederlander geskrewe Afrikaans kan verstaan. Ons sal mekaar se boeke bly lees en waardeer.

LITERATUUR

Oor die ontstaan van die Nederlandse kultuurtaal kan geraadpleeg word: P. GERTENBACH en H. VAN SLOOTEN: *Eenige Belangrijke Verschijselen uit het Leven der Nederlandsche Taal* (Wolters, Groningen-Den Haag); C. G. N. DE VOOYS: *Geschiedenis van de Nederlandse Taal* (Wolters, Groningen-Den Haag); C. G. N. DE VOOYS: *Verzamelde Taalkundige Opstellen I* (Wolters); K. HEEROMA: *Hollandse Dialektstudies* (Wolters).

Oor taal en kultuur sien: J. SCHRIJNEN: *Taal en Kultuur* (Dekker en v. d. Vegt, Utrecht); en J. SCHRIJNEN: *Handleiding bij de Studie der Vergelijkende Indogermaansche Taalwetenschap* (Sijthoff, Leiden).

DIE PLEK VAN AFRIKAANS ONDER DIE TALE VAN DIE WÊRELD

Sedert baie ou tye was daar mense wat hulle besig gehou het met die vraag waar die mens aan spraak gekom het, want die spraakvermoë waardeur die mens hom onderskei van alle laer diere, was 'n baie treffende eienskap van ons eie soort. Vroeë pogings tot oplossing van die vraag was egter gedoem tot mislukking, soos ook die bespieëlinge waarin taalgeleerdes van die vorige eeu hulle so graag verdiep het nou slegs 'n glimlag van ons afdwing. Die „bow-wow”-, die „poo-poo”-, die „ding-dong”- en die „yo-he-ho”-teorieë wat hulle ontwerp het, verklaar slegs 'n baie klein gedeelte van ons woordvoorraad en is meer geskik om ons laglus op te wek as om ernstige oorweging te vereis. Dis eers in ons eie dae dat helder ingesien is, dat die spraak saam met die gees van die mens moes ontwikkel het, en die ontwikkeling van spraak dus in ooreenstemming met ander ewolusie-teorieë gebring is. Volgens die oortuigende uiteensetting van Jespersen, het die menslike spraak ontwikkel uit die sang, en wel in die eerste instansie uit die liefdeslied. Soos voëls en diere hulle liefde vir mekaar verkondig deur middel van sang of onmusikale geraas, so sou die primitiewe mens ook sy liefde betuig het deur middel van andersins betekenislose klanke, en 'n deel van hierdie sangklanke sou dan mettertyd 'n algemeen gangbare betekenis aangeneem het. Vir hierdie teorie het Jespersen die volle steun van die geskiedenis, want hoe verder ons in die geskiedenis van bestaande tale teruggaan, hoe musikaler word hulle en hoe meer

oerbodige klanke kom daarin voor. Maar dit laat die vraag onaangeroerd of die spraak oorspronklik in een of in verskillende lokaliteite ontwikkel het.

Ons vind egter vandag 'n baie groot aantal tale oor die aardbodem versprei. Hoe groot presies, is onmoontlik om te sê, want daar bestaan geen vaste maatstaf om te onderskei tussen taal en dialek nie. So onderskei sommige geleerdes maar 'n 900 verskillende tale, terwyl andere die syfer laat styg tot 2000. Maar selfs met hierdie uiteenlopende syfers kan ons die vrae probeer beantwoord, wat die verhouding is tussen die 900 tot 2000 tale van die wêreld, in hoever hulle verwant is met mekaar, hoe ons hulle kan groepeer.

In die verlede is pogings aangewend om tale in te deel volgens hulle uiterlike kenmerke. Die *morfologiese indeling*, wat uitgaan van die vorm wat die woorde aanneem, het onderskei tussen (1) *isolerende*; (2) *agglutinerende* en (3) *flekterende* tale. Die isolerende tale, soos Chinees, bestaan dan uit onverbuigbare, eenlettergrepige wortelwoorde. Die agglutinerende tale, soos Hongaars en Turks, heg die formele bestanddele maar lossies aan die wortels; en die flekterende tale, soos Latyn en Grieks, laat wortel en uitgang tot 'n hegte eenheid saamgroeï.

Hierdie indeling laat egter baie te wense oor, want afgesien van die moeilikheid om alle tale onder een of ander van die drie groepe onder te bring, hou dit geen rekening met die historiese verloop nie, en in werklikheid vind ons dat een en dieselfde taal in die loop van die geskiedenis al drie stadia kan deurloop.

Ook die *etnografiese taalindeling*, wat uitgaan van die veronderstelling dat daar 'n aantal oorspronklike rasse op die aarde was met ieder 'n afsonderlike taal, het nog geen belangrike resultate opgelewer nie. In die eerste instansie is die uitkomst van die antropologiese wetenskap self nog te onseker om met beslistheid van

oorspronklike rasse te kan praat en in die tweede plek is die tans bestaande rasse so vermengd dat hulle geen houvas bied om die bestaande tale daarmee te verbind nie.

Tot nog toe is die sg. *genealogiese taalindeling* dus vir ons van die meeste waarde. Hierdie indeling berus op die afstamming van tale. Ons vind naamlik heelwat groepe tale, soos Afrikaans, Nederlands en Duits; verskillende Bantoetale; die Romaanse tale, ens., waaraan ons dadelik kan sien dat hulle familie is van mekaar. Nou gaan ons, met behulp van ou dokumente, hulle geskiedenis na en dan vind ons telkens dat sulke verwante tale oorspronklik van dieselfde voorouer afstam. So vind ons byvoorbeeld dat Nederlands, Engels, Duits, Fries en die Skandinawiese tale almal afkomstig is van een gemeenskaplike stammoeder wat in die taalwetenskap die naam van Oergermaans dra. Op dieselfde manier kan die Romaanse tale—Frans, Italiaans, Spaans, Portugees en Roemeens—almal teruggevoer word na die gemeenskaplike stammoeder Latyn. Maar as ons nou Latyn en Oergermaans met mekaar vergelyk, dan word ons weer getref deur merkwaardige ooreenkomste tussen hierdie twee ou tale, en uiteindelik vind ons dan ook dat ook hulle dieselfde moeder gehad het. Hierdie moeder noem ons in die taalwetenskap Indogermaans. Nou ontstaan die moontlikheid weer dat ook Indogermaans susters gehad het wat saam met haar van 'n gemeenskaplike moeder afstam, en so kan ons teruggaan so ver as ons bronne reik.

Deur op hierdie manier stambome op te bou kan ons die oerverwantskap van baie bestaande tale vasstel, en taalgeleerdes het dan ook reeds daarin geslaag om 'n groot aantal tale van die wêreld in twee groot groepe

onder te bring. Aan hierdie twee groepe is die name Nostratiese en Austriese tale gegee. Die Nostratiese taalgroep behels, behalwe die tale van Europeane in Amerika, Afrika en Australië, in die algemeen gesproke, dié tale wat tuis hoort in Europa, in Noord-Afrika en in die grootste gedeelte van Asië. Hulle word onderverdeel in Indogermaanse, Oeral-Altaiëse, Semities-Chamitiese en Japetiese groepe. Die Austriese taalgroep behels die tale van Suid-Oostelike Asië en die Suidsee, wat ook weer in drie hoofgroepe onderverdeel kan word: Austro-Asiaties, Tibeto-Chinees en Austronesies.

Naas hierdie twee uitgebreide groepe bestaan daar egter nog 'n aantal ander groepe waarvan die onderlinge verwantskap, of die verwantskap met die genoemde twee groepe, nog nie voldoende uitgemaak is nie. Daartoe hoort die ander tale van Asië, Amerika en Afrika, soos die Drawidiese groep wat in Ceylon en Hindostan voorkom, die Australiese tale, die Indiaanse tale, die Bantoe- en Soedantale, Boesmans en Hottentots, ens.

As ons nou die afstamming van Afrikaans nagaan, dan vind ons dat dit as suster en dogter van Nederlands, met hierdie taal en Duits, Engels, Fries, Deens, Sweeds, Noorweegs en Yslands tot die Germaanse taalgroep hoort. Germaans weer, het met sewe ander nog lewende groepe, afgestam van die stammoeder Indogermaans. Hierdie sewe is: (1) Grieks; (2) Italies, met as hoofdialek Latyn, die stammoeder van die moderne Romaanse tale; (3) Kelties; (4) Balto-Slawies, wat Litous, Lets, Bulgaars, Serwies, Kroaties, Russies, Pools, Tsjeggies, Slowakkies en ander tale omvat; (5) Albanees; (6) Aries, met Sanskrit, Hindoestani,

Persies, Afgaans en ander dogtertale; (7) Armeens. Hierdie tale, met 'n paar ander wat uitgesterf het, behoort almal tot die Indogermaanse groep wat gespreek word van die Ooste van Indië tot die Weste van Europa en in die afgelope eeue deur kolonisasie ook verbrei is oor Afrika, Amerika en Australië. Hierdie groep hoort met ander uitgebreide groepe tot die Nostratiese tale wat — sover die wetenskap tot nog toe kon nagaan — nie verwant is met Chinees, Maleis en ander Austriese tale nie, en ook nie met groepe soos die Indiaanse en Bantoetale nie. Dit sluit egter nie die moontlikheid van ontlening aan sulke vreemde idiome uit nie.

Die verwantskap kan ons sien aan ooreenkoms in woordeskat, struktuur en grammatiese vorme, maar dit beteken nie dat die woorde in verwante tale eners moet lui nie. In die loop van die geskiedenis het daar soveel veranderinge opgetree in tale wat van dieselfde moeder afstam, dat gelykheid van klank dikwels aan latere ontlening moet toegeskryf word, terwyl verskil van klank 'n bewys van oerverwantskap is. Die verskille tree egter op bepaalde maniere op, wat onder reëls gebring kan word. Maar gewoonlik is dit onmoontlik om reëls te gee wat twee jonger tale direk met mekaar verbind. As ons dus byvoorbeeld Afrikaans met Skots (Gaelic) wil vergelyk, dan probeer ons nie om direkte reëls vir die verwantskap van die twee tale op te stel nie, maar stel reëls op vir die ontwikkeling van albei uit Indogermaans, want uitgaande van hierdie gemeenskaplike bron kan alle verskille en ooreenkomste nagegaan en verklaar word. Die studie van die wordingsgeskiedenis van Afrikaans, soos van ander moderne tale, voer ons dus terug tot die oudste bestaande bronne in die taalfamilie, wat vir Afrikaans beteken die Vediese geskrifte in Sanskrit, daterende van

ongeveer 2000 jaar voor Christus. Vir die ontwikkeling vanaf die primitiewe mens tot dié tyd toe, is ons aangewese op ons fantasie en redenerende verstand.

LITERATUUR

Oor die oorsprong van taal: W. WUNDT: *Die Sprache II*, Kap. IX (Engelmann, Leipzig); O. JESPERSEN: *Language, its Nature, Development and Origin*, Chap. 21 (Allen & Unwin, London); en veral: O. JESPERSEN: *De Ontwikkeling en de Oorsprong van de Taal*, naar het Deens door H. Logeman (Wereldbibliotheek, Amsterdam).

Oor die indeling van tale: J. SCHRIJNEN: *Handleiding bij de Studie der Vergelijkende Indogermaansche Taalwetenschap* (Sijthoff, Leiden); P. W. SCHMIDT: *Die Sprachfamilien und Sprachkreise der Erde*, met 'n atlas van 14 kaarte (Winter, Heidelberg); F. N. FINCK: *Die Haupttypen des Sprachbaus* (Teubner, Leipzig-Berlin); idem: *Die Sprachstämme des Erdkreises* (Teubner). 'n Mooi opsomming is te vinde in C. P. F. LECOUTERE en L. GROOTAERS: *Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlandsch* (Wolters, Groningen-Den Haag).

Oor die tale van Europa: A. MEILLET: *De Talen in het Nieuwe Europa*, uit het Fransch vertaald door dr. Th. Stille (Oosthoek, Utrecht).

Tydskrifte vir die studie van inboorlingtale in Afrika is *Bibliotheca Africana* (Kapfererstrasse 9, Innsbruck) en *Bantu Studies—Bantoe-Studies* (University of the Witwatersrand Press, Johannesburg).

IETS OOR DIE AFRIKAANSE TAALGESKIEDENIS

Oor die geskiedenis van Afrikaans is al baie geskrywe, maar byna al die geskryfte hou hulle hoofsaaklik besig met een episode, nl. die ontstaan, sodat ons gevaar loop om die indruk te kry dat dit die hele geskiedenis is, terwyl dit in werklikheid maar net die begin daarvan is. Ná 'n kort opsomming van die ontstaanskwessie wil ek u dus in hierdie praatjie ook herinner aan die verdere geskiedenis, waaraan daar nog so weinig gedoen is.

Soos iedereen weet, het Afrikaans in Suid-Afrika ontstaan uit die Nederlands van die sewentiende eeu. Dat Nederlands in Suid-Afrika verander het is niks besonders nie. Alles wat leef verander, die lewe self bring veranderinge mee, by tale so goed as by enigiets anders. En so sien ook Nederlands self daar vandag in Nederland heel anders uit as in die sewentiende eeu. Deurdát die twee lande egter so ver van mekaar verwyderd is en in so baie opsigte van mekaar verskil, het die Nederlandse taal in ieder op sy eie manier ontwikkel, en as ons die hedendaagse Nederlands met Afrikaans vergelyk, dan vind ons nie alleen dat in elkeen nuwe eienaardighede ontstaan het nie, maar ook dat Afrikaans in sommige gevalle ou kenmerke bewaar het wat in Nederlands verlore gegaan het, en omgekeerd.

So 'n vergelyking bring aan die lig dat Afrikaans 'n beperkte aantal woorde het wat nie in Nederlands bestaan nie, wat ons egter nie hoef te bevreesd nie,

want Afrikaans moes met sy woordeskat voldoen aan die behoeftes wat die besondere landsomstandighede nodig gemaak het. Dat daarin ten dele voorsien is deur ontlening, is die natuurlikste ding van die wêreld. Dieselfde word gedoen in Engels en Frans en Duits en Nederlands en alle ander moderne tale, soos dit al gedoen is in Latyn en Grieks en Hebreeus en alle ander tale van die oudheid.

Party Afrikaanse klanke is ook anders as die ooreenkomstige Nederlandse, maar die getal is gering en baie daarvan is te verklaar deurdat Afrikaans ou klanke bewaar het wat in Algemeen Beskaafde Nederlands verlore gegaan het. Dit lewer dus ook geen oorsaak vir bevreemding op nie.

Van die tipiese Afrikaanse konstruksies en uitdrukkinge kon party maklik uit die ou voorraad ontwikkel het, terwyl ander van vreemde tale oorgeneem is, sodat hierdie gedeelte van die taal geskiedkundig op een lyn te stel is met die woordvoorraad.

Die belangrikste verskil is egter dat die verbuigings- of fleksiestelsel in Afrikaans soveel beperkter en eenvoudiger is as in Nederlands. Terwyl in Nederlands bv. gesê word: *ik loop, hij loopt, wij lopen*, behou ons in Afrikaans altyd die een vorm: *ek, jy, hy, sy, ons, julle, hulle loop*. Terwyl die Nederlander *de-* en *het-*woorde onderskei, kom ons altyd reg met *die*. Terwyl hy praat van *een lange man* maar *een lang huis*, gebruik ons maar altyd *lang*. Terwyl die onderskeid tussen *die* en *dat* en *wat* vir hom die natuurlikste ding van die wêreld is, is dit verwarrend vir ons wat maar altyd gemaklik deurstuur met *wat*.

Daarby kom nog dat die stam van Nederlandse woorde dikwels verander, sodat ons naas mekaar kry *binden* en *bonden*, *lopen* en *liepen*, *nemen* en *namen*, *sniijden* en *snedén*, ens. Hiervan sien ons ook maar min in Afrikaans, veral omdat die Nederlandse Imperfektum

in Afrikaans verlore gegaan het en daarmee die grootste laag vorme wat aanleiding gegee het tot *Ablaut*, want so heet hierdie laaste verskynsel in die taalkunde.

Hoe moet hierdie vereenvoudiging van die fleksie en gedeeltelike verlore gaan van Ablaut in Afrikaans verklaar word? Dit is oor hierdie vraag wat so veel geskrywe is, want wie dit kan beantwoord, beantwoord meteens die vraag van die ontstaan van Afrikaans.

Eintlik hoef hierdie verskynsel as sodanig ons eger nie te bevreesd nie. Die oudste tale van die Indogermaanse familie, waartoe ons taal hoort, het almal 'n baie ingewikkelde verbuigingstelsel, en ons sien by almal hoedat die vorme in die loop van tyd meer en meer afslyt, minder en korter word. Die Gotiese woord *habaidedum* is in Nederlands *wij hadden*, en die Latynse woord *amare* is in Frans *aimer*. Afrikaans het, oor die algemeen genome, in hierdie opsig nie verder gegaan as Engels en Deens nie. Die verskynsel self is dus presies wat ons sou verwag volgens die algemene verloop van die geskiedenis van die taalfamilie, maar wat wel vreemd aandoen, is dat Afrikaans verder gegaan het as Nederlands; en ook dit sou nog nie so vreemd wees nie, want ook Nederlands het eenvoudiger geword sedert die sewentiende eeu, maar die snaaksste is dat dit so gou gegaan het in Afrikaans.

Hoe gou dit presies gegaan het, is 'n kwessie wat die taalgeleerdes ook al baie besiggehou het. Dis 'n kwessie wat ons nie hier wil behandel nie. Ek wil volstaan met te sê dat ons wel op veilige terrein is as ons beweer dat die vernaamste veranderinge binne die eerste 100 jaar ná die stigting van die volksplanting aan die Kaap plaasgevind het. Maar selfs al het dit 200 jaar geduur, dan was dit nog so gou dat dit ons moes bevreesd het.

Dit is hierdie vinnige verandering, die snel tempo van die vereenvoudiging wat die kwessie van die

ontstaan van Afrikaans so ingewikkeld gemaak het, wat na spesiale oorsake laat soek het. Dit is naamlik gevoel dat as die veranderinge in Afrikaans sneller plaasgevind het as in ander tale, dat daar dan 'n verklaring voor moes gevind word.

Die verklaring is natuurlik gesoek in die besondere omstandighede waaronder Afrikaans ontwikkel het en daar kon veral twee groepe spesiale omstandighede onderskei word. Die eerste was dat die lewensomstandighede aan die Kaap so anders was as in Nederland. Terwyl ons Nederlandse voorouers in 'n digbevolkte, nat, koue, gelyk land opgegroeï het, het dié van hulle wat na Suid-Afrika toe gekom het, hulle in 'n woeste, droë, warm, bergagtige land gevestig met sy eie plante- en dierewêreld. Aan hierdie land en sy klimaat moes hulle hulle aanpas en daarvoor moes hulle taal natuurlik die nodige veranderinge ondergaan. Daarby het gekom dat die geleenthede vir skoolonderrig gering was en die kontak met die moederland en sy kultuurinvloed losser en losser geword het. Al hierdie omstandighede moet natuurlik hulle uitwerking op die taal gehad het en diegene wat die snelle ontwikkelings-tempo nie as belangrik ag nie, het selfs gemeen dat dit 'n voldoende verklaring was vir die ontstaan van Afrikaans (Spontane Ontwikkelingsteorie).

Die tweede groep spesiale omstandighede was egter dat die Nederlanders aan die Kaap in aanraking gekom het met verskillende vreemde tale. Daar was die Duits van die Duitsers en die Frans van die Hugenote, die Hottentots van die Hottentotte en die tale wat die slawe gepraat het. Onder die laaste was daar Afrikaanse slawe wat Neger- en Bantoetale gepraat het en slawe uit die Ooste wat Maleis en ander Oosterse tale gepraat het. Party van hulle het ook nog 'n mengelmoes gepraat wat bestaan het uit Maleise, Portugese en Hollandse woorde en teenswoordig genoem word Maleis-

Portugees. Dat hierdie tale invloed moet gehad het op Nederlands, spreek vanself. Hoe groot dit was, is egter moeiliker om uit te maak. Party taalgeleerdes meen dat hierdie vreemde invloede die deurslag gegee het in die ontstaan van Afrikaans, en party meen selfs dat een taal, nl. Maleis-Portugees, as hooffaktor aangewys kan word. Die bewyse wat vir die laaste mening aangevoer is, is egter tot nog toe nie oortuigend gemaak nie. Ook moet onthou word dat al die vreemdelinge Nederlands aangeleer het aan die Kaap. Die invloed het dus meer uitgegaan van die kromtaal van die vreemdelinge as van die vreemde taal self. 'n Ander feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die ~~Nederlanders self verskillende dialekte gepraat het.~~ In die loop van tyd moes hierdie dialekte hulle bymekaar aanpas sodat daaruit 'n eenheidstaal kon ontstaan. Die kiem van verandering was dus op hierdie manier ook al in die taal aanwesig.

As u my nou vra aan watter van hierdie groepe omstandighede Afrikaans sy ontstaan te danke het, dan is my antwoord, dat juis die neiging om wat bymekaar hoort te skei, in die verlede verantwoordelik was vir baie skewe voorstellings. Die verstandige beoordelaar sien in dat die veranderinge wat tot stand gekom het die gesamentlike uitwerking was van al die omstandighede. Die bymekaarkom van mense wat verskillende dialekte gepraat het, die nuwe lands- en lewensomstandighede, en die aanleer van die taal deur vreemdelinge, het dus almal bygedra tot die snelle vereenvoudiging van die buigingsvorme van Nederlands aan die Kaap, d.w.s. tot die ontstaan van Afrikaans. Dit is die stand waartoe ons taalwetenskap tot nog toe aangaande die kwessie van die ontstaan van Afrikaans gekom het. 'n Mens kan nou hiervandaan verder gaan en probeer om 'n hooffaktor onder die aanleidende oorsake aan te wys en daar is ook al baie pogings

aangewend om dit te doen, maar tot nog toe is geen een heeltemaal oortuigend gewees nie.

As ons nou hierdie kwessie op dié manier tot 'n soort van 'n oplossing gebring het, dan weet ons tog nog maar min van die geskiedenis van Afrikaans af. Daar is bv. nog die vraag in watter volgorde die vereenvoudigings plaasgevind het, en as ons aanneem dat die vernaamste voor 1750 tot stand gekom het, dan wil dit nie sê dat daar nie party vir later tyd oorgebly het nie. Dink ons nou weer aan ons woordvoorraad, dan bly daar die vrae oor, wanneer, hoe en onder watter omstandighede die nuwe Afrikaanse woorde en woordbetekenisse ontwikkel het of geleen is, en party oues uitgesteri het. En dieselfde vrae kan gestel word in verband met konstruksies en klanke. Het ons enige middele beskikbaar om hierdie kwessies op te los? Ja, daar is 'n groot voorraad, maar 'n voorraad wat baie moeilik is om te hanteer. Dis ou geskrifte — reisbeskrywings, die joernale van die goewerneurs, die verslae van die geregshof, ens. Hierdie geskrifte is vroeër in Hooghollands opgestel, maar uit die foute wat Afrikaners daarby maak kan ons dikwels aflei hoe hulle moet gepraat het. En dieselfde kan ons doen aan die hand van briewe wat in later tyd in Hooghollands geskrywe is.

Kom ons nou by die neëntiende eeu, dan kry ons die geweldige invloed van Engels op Afrikaans. Hierdie invloed moet 'n baie belangrike hoofstuk in die geskiedenis van Afrikaans vorm. Van minder belang was die kontak met inboorlingtale, maar ook die uitwerking daarvan is 'n stukkie taalgeskiedenis wat moet nagegaan word.

Dan kry ons die verder uitmekaar trek van die Afrikaners en as gevolg daarvan die aangroei van taalverskille onder verskillende groepe. Die plaaslike

taalverskille in Afrikaans is iets wat nog glad te weinig bestudeer is.

En eindelijk is daar die geskiedenis van die verheffing van Afrikaans tot skryftaal, iets wat tot nog toe hoofsaaklik van die uitwendige kant bestudeer is maar nog haas nie van die inwendige taalkundige kant aangepak is nie. Ook dit bied, soos baie ander onderwerpe, nog 'n dankbare veld vir die navorser op die gebied van die Afrikaanse taalgeskiedenis aan.

LITERATUUR

Belangrike monografieë waarin die ontstaan van Afrikaans behandel word is: D. C. HESSELING: *Het Afrikaans* (Brill, Leiden); D. B. BOSMAN: *Oor die Ontstaan van Afrikaans* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam); S. P. E. BOSHOFF: *Volk en Taal van Suid-Afrika* (De Bussy, Pretoria); J. J. LE ROUX: *Oor die Afrikaanse Sintaksis* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).

Die verheffing van Afrikaans tot skryftaal word bespreek in: G. R. VON WIELLIGH: *Eerste Skrywers* (v. Schaik, Pretoria); idem: *Baanbrekerswerk* (v. Schaik, Pretoria); J. H. H. DE WAAL: *My Herinnerings van ons Taalstryd* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.); C. J. LANGENHOVEN: *U Dienswillige Dienaar* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.); LYDIA VAN NIEKERK: *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam); *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* („Die Weste“-Drukkery, Potchefstroom); G. S. NIENABER: *Die Afrikaanse Beweging* (v. Schaik, Pretoria); E. C. PIENAAR: *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.); P. C. SCHOONES: *Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging* (De Bussy, Pretoria); G. DEKKER: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.); J. du P. SCHOLTZ: *Die Afrikaner en sy Taal (1806—1875)* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.).

Die ander aangeroeerde onderwerpe word in volgende praatjies behandel.